# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
# *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**FEBRUARY / FEBRUARIE**
***MARCH / MAART***

**2005**

## AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL

**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Funksionele Taalvaardigheid)**

HG **102-1/1**

**8 bladsye**

AFRIKAANS TWEEDE/ADDISIONELE TAAL HG: Vraestel 1

102 1 1 HG

X05

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL HG**
**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Funksionele Taalvaardigheid)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
- Beantwoord AL die vrae.
- Volg die instruksies boaan elke afdeling.
- Begin elke nuwe vraag op 'n nuwe bladsy.
- Nommer elke vraag in die MIDDEL van die bladsy.
- Skryf netjies en leesbaar.

---

## AFDELING A
## LEESBEGRIP

### VRAAG 1
### TYDSKRIFARTIKEL

Lees die volgende **TYDSKRIFARTIKEL** versigtig deur.

**Belboks op TV2 se Kekkelbek: Eloïse Cupido**

1 Eloïse sê omdat sy op TV is, beteken dit nie dat sy belangriker as ander mense is nie. Dit is belangrik, omdat mense plesier moet hê. Eloïse sê dat sy honderde beskermengele het, wat elke tree saam met haar loop en seker maak dat sy die regte mense ken en op die regte plek op die regte tyd is. Dit lyk of daar 'n plan met haar loopbaan is. Wanneer sy depressief word, dink sy net hoe alles nog vir haar uitgewerk het, en dan voel sy sommer beter.

2 Eloïse is op 24 Julie 1978 in die Groote Schuur-hospitaal in Kaapstad gebore en het op Montagu grootgeword. Sy hou van aandag en is soms arrogant. Een van haar grootste foute is, dat sy soms baie kwaad kan word. Haar ma se naam is Martha Cupido (Gebore Hendricks). Sy is 'n wonderlike vrou, 'n verpleegster, wat Eloïse en haar ouer broer en nog twee pleegkinders alleen grootgemaak het. Hulle het al jare nie meer kontak met haar pa, Ronald Cupido, nie.

3 Eloïse se kinderlewe op 'n plattelandse dorp was baie lekker. Hulle kon loop waar hulle wou en haar ma was nooit bekommerd nie, want almal het geweet waar jy is. Haar ma het haar altyd gehelp en sy kon met haar oor enige iets praat. Van kleins af was Eloïse lief vir musiek en sy kon goed klavier speel. Eloïse se ma het haar in standerd ses by die Belgravia Senior Sekondêre Skool in Athlone ingeskryf. Haar ma moes elke maand losies betaal en dit was baie moeilik, want daar was nog drie ander kinders in die huis. Die volgende jaar 1992 is die 'wit' skole oopgestel en kon Eloïse na Hoërskool Montagu gaan.

4 Dit was 'n heerlike skool met baie voorregte en Eloïse het in die kadetorkes trompet gespeel. Sy het ook toneel gespeel en in Matriek aan die Montagu-toneelfees deelgeneem. Op Universiteit het sy in die toneelstuk, Aspoestertjie, gespeel. Na universiteit is sy na Johannesburg waar sy nou nog woon.

5 Eloïse het eers vir *Athletics Alive* gewerk en het klein rolletjies in *Vetkoekpaleis* en *Die Vierde Kabinet* gespeel. In 1999 het sy *Pasella* aangebied en daarna *Lyfkuns* en *Invent yourself.* Sedert Julie 2002 is sy *Belboks* se aanbieder. Sy sing en dans ook. By haar cottage in Westdene sit sy dikwels en TV kyk, lees of doen net niks.

6 Haar werk is baie uitputtend maar sy sal dit vir niks verruil nie. Wanneer kinders na 'n toneelstuk vir jou vertel hoe oulik jy is, weet jy alles is die moeite werd.

(Verwerk uit: *SARIE*, Maart 2003)

**VRAE:**

- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Jy hoef NIE die vrae in VOLSINNE te beantwoord NIE.

1.1 Hoekom is Eloïse se TV-werk belangrik? (1)

1.2 Wie volgens paragraaf 2, het haar gehelp met haar loopbaan?
Gee TWEE aparte woorde. (2)

1.3 Wat help vir Eloïse as sy depressief voel? (1)

1.4 Gee DRIE karaktereienskappe van Eloïse. (3)

1.5 Wat was haar ma se beroep? (1)

1.6 Hoekom was haar kinderjare lekker? Gee TWEE redes (2)

1.7 Watter SINSDEEL dien as bewys dat daar goeie kommunikasie tussen ma en dogter was? Skryf net die SINSDEEL neer. (1)

1.8 Wat kon Eloïse goed doen? (1)

1.9 Noem TWEE dinge waaraan Eloïse in Hoërskool Montagu deelgeneem het. (2)

1.10 Watter TWEE verskillende dinge het Eloïse op TV gedoen? (2)

1.11 Noem TWEE programme waarvan Eloïse op TV deel was. (2)

1.12 Watter ander TWEE talente het sy ook? (2)

1.13 Hoe bring Eloïse haar vrye tyd deur? (3)

1.14 Wanneer weet Eloïse haar loopbaan is die moeite werd? (1)

**[24]**

## VRAAG 2
## ADVERTENSIE

- Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.
- Lees die volgende ADVERTENSIE versigtig deur.

***SVD Hondekos***

Kos vir jou troeteldier wat jy kan beskostig!

'n Troeteldier se kos is baie belangrik, want hy beskerm jou!

SVD-kos is spesiaal gemaak om jou hond te help. Dit is goed vir alle ouderdomme, van babas tot groot honde. Selfs honde met spesiale probleme, soos allergieë of wat te vet is kan SVD se kos eet. SVD maak selfs kos vir katte.

Alle SVD-kos word in Suid-Afrika gemaak en almal kan dit bekostig. Die kos het geen slegte bestanddele in nie, en daarom kan jy dit gerus vir jou troeteldier gee.

Vir verdere inligting kan jy ons kontak by: (011) 411 5400 gedurende kantoorure.

Desertweg 2, Randfontein, 1760

(Verwerk Uit: *Huisgenoot,* 22 Mei 2003)

**VRAE:**

- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Jy hoef nie vrae in VOLSINNE te beantwoord NIE.

2.1 Hoekom is 'n troeteldier se kos belangrik? (1)

2.2 Noem DRIE voordele van SVD-kos. (3)

2.3 Noem TWEE maniere hoe jy kan uitvind waar om die SVD-kos te koop. (2)

**[6]**

## VRAAG 3
## STROKIESPRENT

- Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.
- Lees die volgende STROKIESPRENT versigtig deur.

**VRAE:**




- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Jy hoef NIE die vrae in VOLSINNE te beantwoord NIE.

3.1 Wat is Jeremy se probleem? (1)

3.2 3.2.1 Wat is nodig vir jou loopbaan se sukses? Gee EEN WOORD. (1)
3.2.2 Watter TWEE finansiële gevolge sal Jeremy se probleem hê? (2)

3.3 Hoekom is Jeremy se vriend se woorde in die laaste blokkie, nie 'n oplossing nie? (1)
**[5]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [35]**

## AFDELING B
## OPSOMMING

### VRAAG 4

- Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.

Lees eers die volgende INSTRUKSIES versigtig deur.

- Lees die vyf paragrafies (4.1 – 4.5) versigtig deur.
- Soek TWEE hoofgedagtes uit elkeen van die paragrafies van 4.1 – 4.5.
- Skryf elke hoofgedagte in 'n APARTE volsin neer.
- Skryf jou sinne PUNTSGEWYS onder mekaar neer.
- Jou sinne moet altesaam nie langer as 110 woorde wees nie.
- Onthou om die getal woorde aan te dui aan die einde van die opsomming.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 110 woorde skryf of as jy nie die getal woorde aandui nie.

**Haai meneer DJ, waar is my geld?**

4.1 Musikante maak musiek en mense hou daarvan. Maar die mense koop nie hulle musiek nie. Mense maak hulle eie CD's en kassette. Die mense wil ook hê dat musikante amper verniet moet optree. Hulle kan nie 'n bestaan maak nie en baie musikante hou op sing. So verloor ons goeie musikante wat nie meer musiekfeeste toe gaan nie.

4.2 Radio en TV moet geld betaal vir elke keer wat hulle 'n musikant se musiek speel. Nadat almal langs die pad hulle deel gevat het, bly min oor vir die musikant. Musikante is nie verantwoordelik vir hulle geld se administrasie nie. Niemand weet waarheen die geld gaan nie. Dit is iets wat nog nooit gewerk het nie.

4.3 Die musikante moet opgelei word om te kyk wat met hulle musiek gebeur. Hoe meer die radio 'n liedjie speel, hoe meer geld kan 'n musikant kry. Hulle moet ook registreer sodat hulle beskerm kan word. Die platemaatskappye moet die musikante registreer.

4.4 Die regering wil 'n wet maak wat musikante beskerm. Die wet sal sê dat die musikante 50% moet kry en besighede 50%. Musikante moet registreer sodat die kopieregwet hulle kan beskerm. Dan kan niemand hulle liedjies steel nie! Maar iemand moet kyk dat dit gebeur, anders help dit nie.

4.5 Die mense wat liedjies skryf, kry baie min geld. Daarom wil mense nie meer liedjies skryf nie. Musikante maak miljoene uit liedjies, maar die skrywer kry amper niks. Liedjieskrywers moet ook hulle liedjies registreer. Selfs liedjies op demonstrasie-kassette moet geregistreer word.

**[Verwerk uit: *JIP*, 10 Oktober 2001]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

## AFDELING C
## FUNKSIONELE TAALGEBRUIK

- Beantwoord AL die vrae.
- Begin jou antwoorde op 'n NUWE bladsy.
- Voer die instruksies KORREK uit.
- Die woorde wat in **HOOFLETTERS** gedruk is, is jou leidrade.

### VRAAG 5
### LAG HOU JOU GESOND

5.1 Voltooi die volgende paragraaf soos aangedui. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Lag is 5.1.1 (**ANTONIEM**: baie) _______ moeite en 5.1.2 (**SINONIEM**: verniet) Dit is 5.1.3 (**KORREKTE VORM**: aansteek) _______ en gesond. **BAIE** 5.1.4 (**KORREKTE VORM**: persoon) _______ kan 5.1.5 (**SPELLING**: lag lag; lag-lag) _______ die pad na gesondheid volg as hulle net meer lag. Lag raak **NOOIT** klaar 5.1.6 (**VUL WOORD IN**) _______. Dit is 5.1.7 (**KORREKTE VORM**: gesond) _________ "**MEDISYNE**" en maak jou brein 5.1.8 (**EEN WOORD**: meer fiks) ________. Wanneer laas **HET** jy 5.1.9 (lag) _______ dat jou maag 5.1.10 (**KORREKTE WOORD**: skud; skut) _______ As dit baie lank 5.1.11 (**KORREKTE WOORD**: verlede; gelede) _______ was, is jy 5.1.12 (**EEN WOORD**: nie gelukkig nie) ________. 'n Ou 5.1.13 (**KORREKTE WOORD**: wat; wie) ________ 'n 5.1.14 (**VROULIK**: kêrel) ________ het, is 5.1.15 (**EEN WOORD**: baie gelukkig) ________. Studies deur 'n sielkunde 5.1.16 (prof. - **SKRYF VOLUIT**) ________ het 5.1.17 (**KORREKTE WOORD**: bewys; gewys) ________ dat kinders 5.1.18 (**SKRYF VOLUIT**: 15) ________ keer per dag meer lag. Lag is nie net vir **KLEIN** 5.1.19 (**KORREKTE VORM**: kinders) _________ nie, grootmense moet meer lag as hulle meer 5.1.20 (**EEN WOORD:** lewe + lus) _________ wil 5.1.21 (**KORREKTE WOORD**: het; hê) _________. Dit is al klaar rede 5.1.22 (**VUL WOORD IN**) _________ 'n glimlag! Doen meer dinge 5.1.23 (**KORREKTE VORM**: wat + van) _______ jy hou en 5.1.24 (**VUL WOORD IN**) _______ jouself so **TEVREDE**.

***[Verwerk en aangepas uit: Rooi Rose - Oktober 2002]***

(24x½)

5.2 Lees eers die sin/sinne in die blokke. Skryf daarna die sin / sinne oor soos aangedui sonder om die betekenis daarvan te verander. **Skryf elke keer die hele sin uit en onderstreep die gedeeltes wat jy invul**.

**LAG IS VOORDELIG**

5.2.1 "Lag is vir my voordelig. Dit hou ons jonk," sê meneer Botha.

Meneer Botha sê **DAT** __________ (2) en **DAT** __________ (2).

5.2.2 Lag jy baie? Jou harttempo kan dieselfde as 'n vierjarige wees.

**INDIEN** jy __________ (1), __________ (1) dieselfde as 'n vierjarige wees.

5.2.3 'n Student het eendag vir dokter Nkosi gevra of hy regtig 'n dokter is.

**DOKTER NKOSI** __________ (3) of hy regtig 'n dokter is.

5.2.4 Dit was 'n groot kompliment. Dit was ook 'n teken.

**NIE ALLEEN** __________ (2), __________ (1) dit was ook 'n teken.

5.2.5 Jou hartklop en liggaamsisteem word deur lag verbeter.

**SOWEL** __________ (1) word deur lag verbeter.

5.2.6 Sommige mense laat selfs hulle vyande lag. Hulle is goeie voorbeelde van mense met humor.

**AANGESIEN** sommige mense __________ (1), __________ (1) goeie voorbeelde van mense met humor.

5.2.7 Dokter Nkosi is 'n mediese dokter. Hy is 'n bietjie gek. Mense wonder of hy 'n regte dokter is.

**ALHOEWEL** dokter Nkosi __________ (1), __________ (1) 'n bietjie gek, **DUS** __________ (1) of hy regtig 'n dokter is.

5.2.8 Jy praat min as jy jou maagspiere wil oefen.

Jy **HOEF NIE** __________ (2) as jy jou maagspiere wil oefen _______ (1).

5.2.9 Jy lag eers vir jouself. Jy kan saam met ander lag.

**NADAT** jy __________ (1), __________ (1) saam met ander lag. **[23]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [35]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**